Neem-Dit-Huis-Toe – 2-3 Jariges

Seën

Wat beteken dit om iemand te seën? Wat is dade en woorde en houding wat gekombineer word om hierdie Bybelse instrument effektief te gebruik? Seën sooos dit beskryf word in die Bybel bevat altyd vyf elemente:

1. 'n Betekenisvolle en toepaslike aanraking.
2. 'n Gesproke boodskap.
3. Heg groot waarde aan die een wat geseën word.
4. Sien 'n spesiale toekoms vir die een wat geseën word.
5. 'n Aktiewe toewyding om die seën te vervul.

Kom ek gee net so kort oorsig oor elke van die bogenoemde, om dit beter te verstaan:

1. 'n Betekenisvolle en toepaslike aanraking – dit was 'n essensiële element om iemand te seën in die Ou Testament. Lees Gen. 27:26, om te sien hoe Isak sy seun geseën het. Soen, drukkie gee, of die hande oplê was alles deel van om iemand te seën. Die daad van aanraking is die sleutel tot warmte, persoonlike aanvaarding, en liefde.
2. 'n Gesproke boodskap – m.a.w. die seën word uitgespreek. In baie huisgesinne vandag word sulke woorde van liefde en aanvaarding selde gehoor. Om net teenwoordig te wees in jou kind se lewe is nie goed genoeg nie, kinders het nodig om te hoor hulle ouers is lief vir hulle. Al sê hulle dit dalk nie direk vir jou nie, kinders wil hoor/weet, wat dink hulle ouers van hulle.
   As jy jou kind, heeltyd sleg sê of afbreek, dan gaan jy 'n sleg en afgebreekte en verbitterde kind (en eendag groot mens) hê. Abraham het sy seën oor Isak uitgespreek, Isak het sy seën oor Jakob uitgespreek. Jakob het sy seën oor elkeen van sy 12 seuns en twee van kleinkinders uitgespreek.
3. Heg groot waarde aan die een wat geseën word – die eerste twee elemente lei ons dan tot die inhoud van die seën dit self. Om die seën oor te dra, moet die woorde hoë/groot waarde heg aan die kind wat geseën word.
4. Sien 'n spesiale toekoms vir die een wat geseën word – Isak het vir Jakob gesê: "*God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde ... volke sal jou dien, nasies sal voor jou buig*" (Gen. 27:28-29). Ons moet wel 'n onderskeid tref tussen Isak se seën en die daad van sien 'n spesiale toekoms vir jou kind. As gevolg van Isak se unieke posisie as 'n patriarg (een van God se uitverkorene aartsvaders van die volk Israel), het sy woorde aan Jakob die gewig gedra van 'n Bybelse professie.

Vandag kan ons nie iemand se toekoms voorspel met sulke Bybelse akkuraatheid nie. Maar ons kan die help vir wie ons seën om te sien dat 'n hulle 'n blink toekoms kan hê met baie geleenthede. Ons kan hulle laat weet dat ons glo hulle kan 'n 'n goeie toekoms en lewe bou met die krag en gawes wat hulle van God ontvang het. Met hierdie vierde element van seën, kan 'n kind 'n gevoel van sekuriteit kry in die teenswoordige tyd en groei in vertroue om God te dien in die toekoms.

5. 'n Aktiewe toewyding – die laaste element van seën gaan oor die verantwoordelikheid wat saam met die seën loop. Vir die aartsvaders, was dit nie net hulle woorde nie, maar God self wat agter die seën gestaan het wat hulle oor hulle kinders uitgespreek het. Woorde alleen kan nie die seën kommunikeer nie, dit moet ondersteun word deur bereidwilligheid om als te doen wat moontlik is om die kind wat geseën word te help. Jy kan vir jou kind sê hy/sy het die talent om 'n goeie pianis te wees. Maar as jy nie vir hom/haar 'n klavier gee om op te oefen nie, dan gaan dit nie gebeur nie, en was jy nie toegewyd genoeg om jou boodskap van seën aan jou kind oor te dra nie.